

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 94

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

DOEN DIT UIT DANKBAARHEID

God het al hierdie woorde gespreek en gesê: Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.

Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie. Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.

Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.

Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God; dan mag jy géén werk doen nie — jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit geheilig.

Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee.

Jy mag nie doodslaan nie.

Jy mag nie egbreek nie.

Jy mag nie steel nie.

Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.

Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.

DAAR IS SLEGS ÉIEN GOD

God is Almagtig!

God het die hemel en die aarde uit niks geskape, dit georden, regeer daaroor en sorg op 'n vaderlike wyse vir al die skepsele. Dit alles leer God ons in die Bybel en veral in die eerste hoofstukke van Genesis.

Dit is 'n heerlike gedagte!

Dit beteken dat ek met alles wat aan my behoort in die hande van God is, in sy sorg en hoede.

Kom ons gesels verder daaroor.

Wie en Wat is God?

As ons glo dat alles uit God ontstaan het en dat Hy oor alles regeer, met ander woorde, dat Hy die enigste God is, moet ons Hom ook reg leer ken. Want om Hom te dien en te eer moet ons Hom ken.

Hoe wonderlik is dit nie dat Hy homself in die Bybel aan ons geopenbaar het nie. In die Bybel leer ons God ken. Daar leer ons wat Hy alles vir ons doen, en wat Hy aan die anderkant van ons verwag.

Weet u, hoe meer 'n mens in die Bybel lees, hoe beter jy God leer ken, des te meer kry jy Hom lief en vertrou jy met jou hele hart op Hom.

Daar is werklik niemand soos onse God nie!

Ek moet alles van Hom verwag

Omdat Hy die enigste God is, moet ek alles wat ek nodig het van Hom vra. Ek vra dit dan ook in die vaste oortuiging dat Hy dit vir my kan gee, want Hy is die almagtige God! Maar dan moet ek onmiddellik in gedagte hou dat Hy nie alles vir my sal gee wat ek vra nie — want as sondaar vra ek baie dinge in dwaasheid en Hy gee alleen dit wat vir my goed is.

Dit is die rykdom van die gelowige dat die ewige en almagtige God, sy God is. In hierdie lewe kan Hy geestelik en stoflik versorg, en na die dag van aardse stryd, na hierdie lewe, gee Hy nog aan sy kinders die hemelse heerlikheid ...

Is dit nie iets om na uit te sien nie?

Moet u nie ook hierdie God met u hele hart soek nie?

Afgode stel bitter teleur

Ek praat nie van die afgode wat van klip en hout gemaak is nie. Daar is vandag veel wreder en veeleisender afgode!

Daar is mense wat alles wat eerbaar en mooi is sal opoffer in diens van die geldgod. Hulle sal selfs hulle eie geluk op die spel plaas. Dit is 'n wrede afgod wat geen blywende geluk bring nie!

Daar is ander wat ter wille van die sportgod alles sal doen. Maar ook dit bring maar net tydelike geluk.

In die bedwelming van die drankgod of die plesiergod kan ook vir 'n tyd 'n gewaande vreugde gevind word — maar elkeen hou 'n bitter ontugtering in.

Geagte vriend, luister vandag na goeie raad: Daar is dié God wat in 'n hoë mate beproef is en

nie sy kinders teleurstel nie. Ja, van Hom het ons die ryke belofte:

"My kind, Ek sal jou dra van die moederskoot af, tot in die gryse ouderdom — en na die dag van aardse stryd sal Ek jou opneem in My hemelse heerlijkheid!"

Kom deel hierdie vreugde en hierdie rus met die kinders van God. Dit kan ook u deel word. Al wat God vra is die liefde van u hart.

A. Myburg.

Die wet van die Here is volmaak

Die wet van die Here is volmaak, dit verkwik die sie. Die getuienis van die Here is gewis, dit gee wysheid aan die eenvoudige.

Die bevele van die Here is reg, hulle verbly die hart; die gebod van die Here is suiwer, dit verlig die oë.

Die vrees van die Here is rein, dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge van die Here is waarheid — tesame is hulle regverdig.

Hulle is begeerliker as goud, ja, as baie fyn goud en soeter as heuning en heuningstroop.

Ook word u kneg daardeur gewaarsku; in die onderhouding daarvan is groot loon.

(PSALM 19 : 8-12.)

'N GEBOD TOT VRYHEID

Die Tweede Gebod

Die tien gebooe is gegee vir mense wat verlos is uit slawediens. Die wet begin immers met die woorde: "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het."

Kinders word slawe

Toe die mens geweier het om God te dien in die Paradys, het hy en sy nageslag slawe geword. Toe hulle verkies het om nie meer kinders van God te wees nie, het hulle diensknegte geword van die afgode, slawe van die sonde en die dood.

As slawe van die afgode het hulle dan ook tempels en beelde vir hulle gode opgerig. Vervreemd van God, verval elke mens in hierdie afgode- en beeldediens.

God het Hom weer bekend gemaak aan die mens, maar die mens het die duisternis, slawediens en beeldediens bo die diens aan God as kinders verkies.

God het nog verder gegaan in sy bemoeienis met sondaarslawe. Hy het sy Seun gestuur om as mens weer die slawe vry te maak, vry van die sonde en die dood.

Nou roep die Woord van God hierdie vrygemaakte slawe toe: "Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie."

Nou gee God sy wet aan ons, nie om hierdie vryheid te vernietig nie, maar om ons in die vryheid vas te hou.

Sommiges bly slawe!

Die wet is dus 'n genadegawe. So ook die tweede gebod.

Met die tweede gebod wil die Here ons bewaar om nie weer te verval as slawe in beelde- of eiewillige diens nie.

As u egter sê: "Ek gaan kerk toe net as ek wil of as ek so voel, ek dien die Here soos ek goed dink, ek is vry om te doen en te lewe soos ek wil", dan is u nog in die slawediens. Dan val u nog net soos die heiden van vroeër neer voor 'n afgod en sy beeld. As slaaf van die groot afgod "Ek", aanbid u dan sy beeld. U is weer kneg, slaaf tot die dood toe.

Indien u egter Christus leer ken uit Gods Woord as u Verlosser, dan verlos Hy u ook uit hierdie slawediens.

Dan sal u as vrygemaakte slaaf en kind van God ook die Wet in die tweede gebod liefhê en sing: Net om u wil te doen soos in u boek — die wonderskrif wat nooit vergaan - dit klaar van my geteken staan, dit wil ek, HEER, van ganser harte seek. Ek bied u hart en hande in will'ge offerande — al wat ek is en het; diep in my ingewand waar liefde en ywer brand, draag ek u heil'ge wet.

HOEKOM WORD DAAR GEVLOEK?

Onder vloek verstaan ons gewoonlik die gebruik van sekere kragwoorde om ons woorde of gedagtes skerp te beklemtoon, of om ons medemens of God sleg te sê.

Vloek of laster kan selfs net 'n gewoonte word. Ons gebruik dan hierdie kragwoorde gedagtelos en besef nie altyd hoe 'n afstotende gewoonte ons aangeleer het nie.

Vloek word des te ernstiger as God se Naam ligsinniglik of ydel gebruik word. In die ou tyd is hierdie soort laster met die dood gestraf. Mense wat die Naam ydel gebruik, toon daardeur dat hulle geen eerbied het vir die Here nie. Agter hierdie lasterlike gebruik sit ook die Satan. Hy skep veral daarin 'n behae dat die mens sy Skepper moet vloek ... want hy is die groot vloeker.

Swakkeling!

Daar word deurgaans baie gevloek deur die mense. Veral vind ons dit waar mense hulle humeur teenoor 'n medemens verloor. Of gewoonlik waar iemand kwaad word en dan aan die vloek gaan, ook teenoor lewlose goed en diere.

Om te vloek is altyd 'n teken van innerlike swakheid by 'n persoon. Dit dui gewoonlik op 'n sterk minderwaardigheidsgevoel. Verder is dit ook 'n teken van onvolwassenheid.

Agter hierdie slegte gewoonte sit ook dikwels kwaadwilligheid teenoor God en die medemens. Dit laat al te dikwels blyk wat in die diepste van die mens se gemoed aangaan. Daarom vind ons dat mense onder die invloed van sterk drank of verdowingsmiddels dikwels so lekker kan vloek, en onbedaarlik kan te kere gaan teen hemel en aarde.

Dit is ook vloek!

Die sogenaamde beskaafde mens verstaan die kuns om op 'n fyn manier te vloek. Hulle verdraai die kragwoorde of wysig ietwat die Naam, maar ontkom tog nie op die manier die wesentlike gevaar van vloek nie. God kyk deur hierdie skyngewaad.

Ons dra ook verantwoordelikheid om self nie mee te doen nie en waar dit tog gedoen word, die mens te waarsku, en te wys op die verkeerde en lelike van vloek.

En dink daaraan dat God Hom nie ongestraf laat vloek nie, en Hy wil ook nie dat die mens, as sy beeldraer gevloek moet word nie.

Mag ons altyd waak teen die gevloek.

L. Buys.

Om God lief te hê!

Die mens verstaan die kuns om van alles 'n bespotting te maak . . . ook van die liefde.

As Jesus die gebooi vir ons saamvat sê Hy ten opsigte van die eerste vier gebooi dit: Jy moet die Here jou God liefhê.

Die liefde is ook in die opsig die vervulling van die Wet. Want as ek Hom ken en liefde betoon, sal ek nie ander gode soek en dien nie, of ook nie probeer om afbeeldings van Hom te maak en te probeer aanbid nie.

Die liefde sal my laat soek na die ware diens in gehoorsaamheid aan die gebod.

Daarby sal ek ook nie sy Naam kan vloek nie. Die egte liefde sal my daarvan weerhou om te laster. Intendeel sal die behoefte daar wees om sy Naam in die gebed aan te roep en om Hom te prys en te dank.

Die ware liefde sal ook daartoe bydra dat ek sy kerk sal opsoek, en dit sal tog ook die verlange in my werk om na sy Woord te luister, en ook die verkondiging daarvan aan te hoor.

Dit is ons voorreg om Hom te ken. Hy wil vir die mens geen vreemde wees nie. Daarom het die Woord nie net SKRIF geword nie maar ook VLEES. In JESUS het God geword ons IMMANUEL, God met ons.

Dit bewys vir ons dat God ons eerste liefgehad het. Sy liefde is volmaak en as Redder en Verlosser. Sy liefde is 'n onverdiende gawe. En soos 'n kind die liefde van die ouer tog waardeer en beantwoord, so sal ons te meer die liefde van ons Hemelse Vader erken en waardeer deur Hom lief te hê.

God eis al ons liefde . . . hele hart, hele verstand hele gemoed, al ons kragte.

As die liefde van Christus Jesus in die hart woon, kry ook u en ek die krag om lief te hê.

En die liefde is die dryfkrag tot ware gehoorsaamheid. Deur watter kragte word u lewe gedring?

Erken God se liefde, en leef met hoop en verwagting, doelgerig na 'n veilige bestemming.

L. Buys

DIE MENS EN GOD SE GEBOD

Verkeersreëls

Geen mens kan verkeersreëls op die duur strafloos oortree nie. 'n Ongeluk vind op een of ander tyd plaas, en die moontlikheid is baie groot dat dit met lewensverlies gepaard sal gaan.

Vir ons gang deur hierdie lewe is daar ook Verkeersreëls. Dit is die Gebod van God.

Vir die goeie gang in die natuur is daar die natuurwette of kosmiese wette. Enige afwyking hier bring katastrofes mee. So het die planete hulle vasgestelde bane. Tot 'n groot mate is die mens se wel of wee afhanklik van die goeie gang van sake in die natuur. As die son een môre net enkele sekondes laat sou opkom, sal die ganse wêreld in rep en roer wees.

In 'n sekere sin geld dit ook vir die Gebod van God. Wie die Gebod ignoreer beland op 'n doodloopstraat, en meer as net ons aardse bestaan kom in gedrang by die oortreding van die Gebod van God.

Agter die natuurwetmatigheid staan geen vreemde of onpersoonlike mag nie, maar die ewige oorsprong, God die Skepper.

Geen onbekende

Hierdie God deel Hom nie mee deur 'n kosmiese uitstraling nie, maar deur 'n persoonlike "te voorskyn tree uit die verborgenheid van sy Wese".

In sy Gebod spreek God tot die mens. Selfs die heiden het hier geen verontskuldiging nie, want ons lees die volgende in Romeine 2:14-16:- "Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie, van nature die dinge van die wet doen, is hulle vir hulleself 'n wet, al het hulle geen wet nie; omdat hulle toon dat die werk van die wet in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig, in die dag wanneer God die verborge dinge van die mense deur Jesus Christus sal oordeel..."

Ook in hoofstuk 1:19-21 word dit verder verklaar:- "omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar.

Want sy onsigbare dinge kan van die begin van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; omdat hulle alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie."

Hoe kry ek dit reg?

Die ewige Skepper het dus sy wette in die hart van die mens gelê. Tog het God dit ook goed geag om in die loop van die geskiedenis sy wette vir ons op skrif te stel.

Die diere is net gebind aan die natuurwette, maar die mens as beeldraer van God het die gawe ontvang om sy Skepper te ken en sy wil te gehoorsaam. Op die weg van gehoorsaamheid bereik die mens sy bestemming. Maar indien die gebod verontagsaam word, stuur hy af op rampspoed en ondergang.

In die lig hiervan was die koms van Christus ook noodsaaklik, want as gevolg van die sonde het die mens in ongehoorsaamheid die gebod van God oortree. Daarom dryf die gebod ons uit na Christus toe. Hy alleen kon die wil van God absoluut gehoorsaam.

En as sy gehoorsaamheid ons nou toegereken word, word ons lewe in gehoorsaamheid, 'n lewe in dankbaarheid.

Hierdie lewende Jesus roep ook u tot geloofsgehoorsaamheid.

L. Buys.

HOE LIEF HET EK U WET

Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag.

U gebooie maak my wyser as my vyande, want hulle is myne vir ewig.

Ek is verstandiger as al my leermeesters, want u getuienisse is my bepeinsing.

Ek het meer verstand as die ou mense, want ek bewaar u bevele.

Ek het my voete teruggehou van elke verkeerde pad, dat ek u woord kan bewaar.

Ek het van u verordeninge nie afgewyk nie, want U het my geleer.

Hoe soet is u beloftes vir my verhemelte, meer as heuning vir my mond.

Uit u bevele kry ek verstand; daarom haat ek elke leuenpad.

(PSALM 119 :97—104).

DIE GEBOORTE VAN DIE AFGOD

Heel bo-aan die Wet van God staan geskrywe: Die HERE onse God is 'n enige HERE. Daar is dus geen ander God naas Hom, onder Hom, en buite Hom nie.

Alle ander groothede of magte is deur Hom in aansyn geroep, is aan Hom onderworpe en is nie aanbidingswaardig nie.

Dit het egter duidelik geword dat die mens nie wil handel as onderworpene aan God nie, maar met eie gesag. So word hy vir homself 'n god. Dit dui op afval van God, en 'n soeke na 'n ander God.

Die christelike godsdiens word gekenmerk deur die duidelike erkenning van hierdie afval. En die christen weet dat die breuk alleen van God se kant herstel kan word, en nie van sy kant af nie.

Daar is ook die poging van die mens om hierdie breuk te omseil. Dan word die onsigbare God verander in 'n grypbare en tasbare DING. Dit wat so gemaak word, kan egter nooit die ware God wees nie (hoe kan die skepsel sy Skepper maak?) maar 'n spookagtige wese, 'n kosmiese demon, 'n starre en afgryslieke afgod.

Dan word God die toeval of die Noodlot.

Dit kan ook verskillende vorms aanneem. Die gebed word dan 'n magiese beswering; kinderlike gehoorsaamheid word slaafse diens, en liefde maak plek vir vrees.

Ons wêreld is vol van sulke afgode ... in die heidendom en onder die sogenaamde beskaafde volke. As die ware God verdring word, tree hierdie grieselige op die voorgrond.

Ek wil aanhaal wat 'n sekere skrywer in die verband gesê het: Die mens soek God en klem hom vas aan 'n afgod. Hy keer hom van God se aangesig af weg, en val verskrik in aanbidding op die knieë voor sy reusagtige afgodsbeeld.

So word die afgod gebore, 'n monsteragtige wese wat dreigend beheer kry oor die mens se siel en liggaam.

U ken van hulle. Daar is die god van die fortuin, Mammon die geldgod, die drankgod, die Eie-Ek-God, die kennis en wetenskap-god, die plesier en sportgod, die seksgod, ens. Sodra hierdie bogenoemde dinge beheersende magte in die lewe van die mens word, is hulle verhef tot gode. En hierdie afgodediens is verslawend.

Wie dien U?

L. Buys.

WAAROM MOET EK KERK TOE GAAN?

'n Erediens is 'n ontmoeting tussen God, onse Vader en sy kinders op aarde.

'n Ontmoeting. Hulle luister na Hom. Wat Hy van hulle vra.

Hy luister na hulle. Wat hulle nodig het.

Hy skenk vergewing. Genade. Versterking van die geloof. Hulle ontvang dit. Loof Hom daarvoor. Bely Hom as die enigste Gewer van alles wat goed is.

Die saligmakende geloof. 'n Gawe wat God gee in die hart van Syne. Wie dit van die Here nie ontvang nie, kan dit nooit kry nie. Wie dit het, moet dit koester. Die kosbaarste in sy lewe. Die geloof maak ons Christus en al sy weldade deelagtig. Die ewige lewe. Die Heilige Gees werk dit in ons harte deur die preek van God se Woord. Versterk dit deur die gebruik van die Sakramente. Die erediens. Wat die Here vir ons wil sê; wat ons nodig het om te weet, is alles gegee in die Woord van die Here.

Verwaarloos die erediens, die gepreekte Woord dan staan jy buite die gesprek met God.

Uitgesluit, verarm, veragter in die genade. Uiteindelik verloor hy alles. En eenmaal verloor kan hy dit nooit weer kry nie. 'n Uitgeworpene. 'n Mens is nie ineens 'n volmaakte heilige nie. Die gepreekte Woord maak jou dit. Jy word dit. Net so is 'n mens nie ineens 'n satan nie. Hy word dit. Ook 'n proses. Begin met die minagting van die erediens.

God die Heilige Gees werk nooit los, buite, apart van die gepreekte Woord nie. Dit is die instrument van die Heilige Gees. Die troffel om die Godsryk in jou hart te bou. Die Gees lei die mens dieper in in die wonder van die ewigheid. Die onsterflikheid. 'n Ewige erfenis.

Ewigheidstoekoms.

Perspektief op hierdie lewe en die lewe hierna.

Daarmee gee Hy rigting, koers aan jou lewe.

Wie dit nie ken nie, verdwaal. Sy lewe word 'n eindelose sirkelgang. 'n Doellose gemaal in die rondte.

- Frustrasie.
- Angs.
- Wanhoop.
- Dood.

Hierdie geloof moet uitgroeï.

Al groter. Soos die mosterdsaad. Die kleinste van saadjies, uitgroeï tot 'n groot boom.

Om te groei is die gepreekte Woord die onmisbare vereïste.

Mense verloor liever hulle lewe as om Christus te loën.

Paulus, 'n ou man met uitgerekte nek op die Romeinse skavot.

Petrus, onderstebo aan 'n kruishout.

Stephanus, deur die Jode gestenig.

Daar is nog ander. Alleen die gepreekte Woord bring 'n mens met sy natuurlike vrees vir die dood, sover.

Wie is ryker as hy wat liever sy lewe hier aflê om Christus ontwil en die Godsryk te beërf?

Wat die wêreld met alles wat dit bied, so kan prysgee?

Maar wie is armer as Judas Iskariot? In hierdie ganse wêreld en die wêreld hierna vind hy niks om voor te lewe nie. Daarom 'n tou om sy nek.

Jesus Christus het sy gelowiges saam gevoeg.

Hulle moet saam wees.

Om Christen te wees beteken onder meer om mekaar se hande te vat.

Saam te lewe. Saam te aanbid. Saam God te loof en te prys.

Saam te worstel deur die lewe heen. Altyd saam.

Satan isoleer die mens. Sonder hom af. Maak hom los van sy groep. Kry hom eenkant. Hy is dan weerloos want hy is alleen. 'n Losloper kan nooit deur die lewe kom nie. Niemand om te help nie.

Veral nie wanneer die son sy lig nie meer sal gee nie. Die maan en die sterre verduister sal word.

Bloed tot by die perde se stange. Daardie dag moet ons mekaar ken. Saam staan. Saam vlug. Deel met die ander wat jy het en hulle nie het nie om te deel in wat hulle het en jy nie het nie.

Saam. Anders is dit tevergeefs. Alleen kom jy nie deur nie. Daarom saam in die erediens.

Mekaar leer ken. Die losloper sonder hom hier af. Loop eenkant. Daarom ken die kerkmense hom nie. So af en toe opgemerk, maar 'n vreemdeling.

Hier 'n vreemdeling. Hoe kan hy verwag om in die ewige tente verwelkom te word? Welkom en tuis te voel.

Hier 'n vreemdeling! Spreek tog vanself, daar ook 'n vreemdeling. Hoe nou tuis voel tussen vreemdelinge?

In die erediens bely ons saam. Bid ons saam. Saam eer ons onse God. Nie vreemd vir mekaar nie. Daarom tuis in die ewige tente.

God kom aan die einde. Maar nie na los individue toe nie. Na 'n herskepte mensheid.

Die Bruid van Jesus Christus. Sy kerk waarvan ek 'n lewende lidmaat moet wees en bly.

So deel ek in die bruilofsvreugde van die Lam.

Die dag wanneer die geloof oorgaan in aanskouing. Wanneer ons lewe een groot erediens tot eer van God sal wees.

Die dag van die Here.

N. J. Grobler.